Koos van der Merwe, bekroonde liedskrywer en digter, asook vir meer as 10 jaar reeds rubriekskrywer vir SARIE tydskrif span kragte saam met Matthys Maree wat die Afri-Frans, -Spaans, -Talia en Afrikaans op Reis albums vrygestel het met die nuwe projek **LEONARD COHEN *IN AFRIKAANS***.

Koos het gedurende 2012 begin werk aan die vertaling van Cohen se grootste treffers en Cohen se persoonlike goedkeuring op die vertalings gekry. Treffers soos "*Dance me to the end of love*", "*Suzanne*", "*Hallelujah*" en "*Famous blue raincoat*" word nou verewig in Afrikaans met Koos se ongelooflike skryfvernuf en digterlike aanslag. Die CD bevat 13 snitte in totaal en elkeen gaan om met 'n tema waaroor jy moet peins, of huil, of swyg. Party laat jou toe om te glimlag. En dalk, as jy toelaat dat jy deur die diep melankolies meegesleur word, sal jy lus voel om stadig te begin dans.

As lid van die groep Prophet het Koos meer as 50 000 albums verkoop, met treffers soos "*Houtkruis*" uit sy pen en nou saam met die momentum van die Afri-albums wat gesamentlik meer as 100 000 kopiee verkoop het behoort Cohen in Afrikaans 'n groot sukses te wees.

Daar is reeds ongeveer 30 vertonings bevestig vir die tweede helfte van 2013 wat afskop met vrystellings in Bloemfontein (middel Mei), Pretoria (16 Junie Atterbury Teater), asook Kaapstad Julie 2013. Verdere vertonings landswyd sluit in Aardklop kunstefees, Gospel Skouspel in Kaapstad, asook toere beide in die Noorde, asook Suid-Kaap en Oos-Kaap.

Mediagewys word kragte saamgespan met SARIE tydskrif, asook RSG en Radio Tygerberg, SABC en Kyknet. Die ongelooflike sentimentele snare wat Cohen se musiek oor vele dekades by aanhangers wêreldwyd ontlok het, beloof om die projek in 2013 - ten tye van Cohen se (waarskynlik laaste) wêreldwye toer - een van die jaar se gewildste vrystellings te maak. Koos se verwerkings gaan Cohen se lirieke vir baie Afrikaanssprekendes oopsluit, voorspel Matthys. “Cohen se musiek pas Koos se stem soos 'n handskoen. *Husky*, warm, laag en *soulful* ... Dis die lirieke wat Cohen se *songs* so sterk maak. En Koos, met sy pragtige praat- en sangstem, vertolk dit uitstekend.”

Wie is Koos van der Merwe?

Koos van der Merwe is gebore in Pretoria en het gematrikuleer aan die Hoërskool Edenvale. Hy behaal sy teologiese kwalifikasie aan die Aucklandpark Teologiese Seminarium (cum laude), 'n Honneursgraad in Teologie aan Die Randse Afrikaanse Universitiet (cum laude), 'n Meestersgraad in Teologie by RAU (cum laude), en ook sy Doktorsgraad by RAU in die Sielkundige Opvoedkunde. Sy meestersgraadverhandeling het die probleem van 'n simplistiese benadering tot die krisis van menslike lyding ondersoek met besondere verwysing na die werke van C. S. Lewis. Sy proefskrif het die sosiologiese probleem van massafikasie – die negatiewe uitwerking van die groep teenor die individu onder – die loep geneem.



Koos is tans die **leierleraar van Eden Gemeente**, 'n onafhanklike gemeenskapskerk in George. As digter het hy reeds 4 digbundels gepubliseer: *Optelwoorde, Pelgrimverse, Rympies in die vliet* - in die vorm van 'n joernaal – en sopas in Mei 2017 die nuwe bundel'Nagverse' met illustrasies deur sy ogter Claudi.

Koos het vir jare die **die rubriek *Sielsdinge* in die tydskrif *Sarie*** behartig en is sedert Januarie 2010 verantwoordelik vir die **agterbladrubriek *Laaste Sê*** in dieselfde tydskrif. In Junie 2017 groet hy Sarie na 15 jaar en begin vanaf Julie 2017 die agterbladrubriek van die vroue tydskrif Finess skryf. As skrywer het hy ook die gewilde boek "*The Town Called Potential*" gepubliseer – en ook in Afrikaans vertaal.

As sanger, liedjieskrywer en **meer as 30 jaar lid van die groep Prophet**- saam met Theo Geyser- het hy reeds sewe ATKV Liertoekennings ontvang en is benoem vir die South African Music Awards. Een van die gewildste liedjies uiit Koos se pen is die lied "Houtkruis" al deur tientalle kunstenaars in die Afrikaanse Christen musiekbedryf opgeneem.

Koos se eerste solo-album, "*Ter wille van die Opdaag*" was die produk van baie jare se omgaan met tema's van die hart en geloof. Dit word deur kritici, selfs 'n felle kritikus soos Koos Kombuis, baie hoog aangeslaan en bied 'n buitengewone luister- en nadinkbelewenis.

Koos het 'n passie vir woorde en as *gewilde* ***toerleier*** **na die Bybellande** maak hy die Woord en Christen wees, deur sy gedigte en liedjies, vir mede toerlede op 'n unieke wyse toeganklik.

Sy **bundel kinderverhale, '*Oom Koos se Slaaptydstories.*** *Antonius se Wonderlike Vreemde Vis en Ander Fantastiese Verhale'* (Gospel Direct), het pas verskyn. Dit bied 'n verskeidenheid avonture met spesifieke geestelike boodskappe vir jong lesers van tussen 5 – 10 jaar oud.

Koos oor Leonard Cohen...

"Verlede jaar het ek sy liedjie, "Show me the Place", vir ons Paasfees in die kerk vertaal.

''Wys my die plek waar die woord as mens verskyn
Wys my die plek waar's die oorsprong van die pyn''

En net daar het dit begin. Ek was so opgeneem, byna in besit geneem deur die betowering van die woorde, dat elke plek verander het in 'n dinkplek en skryfplek. Dit was so 'n wonderlike ding om ure aan die liriek te timmer, ek wou nog een doen. En nog een. Uiteindelik het ek maande en nagte gesit ... nagte! As ek weer sien, is dit drieuur in die oggend. Ek oordryf nie as ek sê ek het elke liriek omtrent twintig keer herverwerk nie. Tot ek voel okei, ek kan niks meer daaraan doen nie. Kyk ek nou, amper 'n jaar later daarna, lyk dit so voor die hand liggend. Maar as jy net die Engelse liriek voor jou het ... Dis 'n

pad om van een taal na 'n ander nie die emosie en skoonheid te verloor nie, om dit nie gedwonge te laat voel nie."

In November 2014 bereik die Leonard Cohen in Afrikaans album GOUD STATUS, net betyds voor Koos se nuutste skepping die lig sien: 'TAMBOERYNMAN'. Koos sing Bob Dylan, in Afrikaans.

"Magies. Betowerend". So reageer musiek-kenners en taalkundiges op die poëtiese Afrikaanse herskeppings van Dylan meesterstukke soos '*Tamboerynman' (Mr. Tambourine Man), 'Verlore In Die Wind'(Blowin in the wind) en 'Dat Jy My Liefde Voel' (Make You Feel My Love).* Selfs geharde Dylan aanhangers sal hierdie huldeblyk as hoogtepunt beleef.

In Junie 2017 stel Koos sy solo CD 'Droom Martha Droom' vry.

Vir hierdie album is Koos weer in die geselskap van die meesterlike Matthys Maree. Min kan Koos dit kan nadoen as hy met woorde timmer aan die hart. Dit wat die afgelope drie jaar gebore is gee aan Matthys, wat nie net aan die stuur van die produksie is nie maar ook van Koos se poëtiese skeppinge getoonset het, materiaal om 'n Afrikaanse album wat enig in sy soort is die lig te laat sien. As bonus is daar ook twee duette op die album; 'Steek Aan Die Kerse' met Anna Davel en 'Op Die Hoek Van 1998 en Derde Straat' met Gert Vlok Nel - kombinasies van stemme wat droomverlore en melancholies ou aanhangers en nuwe nuuskieriges se grootste verwagting sal oortref.

Vir navrae oor Optredes, CD Vrystellings en ander projekte van Koos - kontak Yolandi van der Wath by 082 325 3053 of yolandi@koosvandermerwe.co.za

www.koosvandermerwe.com